Die seisoensaangesuiwerde verbruikersprysindeks het met 6,7 persent vanaf Maart 1971 tot Maart 1972 toegeneem, vergeleke met 6,9 persent in 1971. Vanaf April 1971 tot April 1972 het die verbruikersprysindeks met 5,4 persent gestyg, wat beduidend laer is as die syfer vir die tydperk vanaf Maart 1971 tot Maart 1972. Hierdie afname in die koers van toename kan in 'n groot mate aan die relatiewe skerp styging in verbruikerspryse in April 1971 toegeskryf word. Hierdie styging is nie in aanmerking geneem by die berekening van die toename oor die twaalf maande vanaf April 1971 tot April 1972 nie. Die maandelikse gemiddelde van die verbruikersprysindeks was gedurende die twaalf maande wat in April 1972 geëindig het 6,4 persent hoër as gedurende die ooreenstemmende tydperk 'n jaar vroeër.

Dit wil dus voorkom asof die versnelling in groothandelspryse gedurende die eerste vier maande van 1972, as gevolg van die devaluasie van die rand en die revaluasie van sekere ander geldeenhede, nog nie ten volle tot verbruikerspryse deurgewerk het nie. Aangesien ingevoerde verbruikersgoedere egter 'n relatief klein gedeelte van totale verbruiksbesteding uitmaak, moet die regstreekse invloed van die herskikking van wisselkoerse op die verbruikersprysindeks nie oorskakel word nie. Die onregstreekse invloed op verbruikerspryse van duurder ingevoerde intermediaire

Verbruikerspryse




Groothandelspryse




seisoensaangesuiwerde jaarkoers vanaf R1 505 miljoen in die eerste kwartaal van 1971 tot R676 miljoen in die laaste kwartaal van dieselfde jaar en vervolgens tot slegs R493 miljoen in die eerste kwartaal van 1972 gedaal. Hierdie verdere welkome verbetering in die lopende rekening van die betalingsbalans gedurende die eerste kwartaal van 1972 was hoofsaaklik die gevolg van 'n skerp toename in goedere-uitvoere en die netto goudproduksie.

Goedere-invoere, teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers, het slegs 'n geringe daling vanaf R2 838 miljoen in die vierde kwartaal van 1971 tot R2 829 miljoen in die eerste kwartaal van 1972 getoon. Dit verteenwoordig 'n voortsetting van die matige afwaartse neiging wat sedert die begin van 1971 opgemerk kan word en kan aan die laer koers van toename in binnelandse besteding toegeskryf word. Dit is, op sy beurt, hoofsaaklik deur die beperkende monetêre

Lopende rekening van die betalingsbalans



Saldo op lopende rekening



en kapitaalgoedere sal ook baie minder as die wisselkoersaanpassings wees en meer tyd neem om deur te werk.

Betalingsbalans

Voortgesette verbetering van lopende rekening

Die lopende rekening van die betalingsbalans het in die eerste kwartaal van 1972 'n verdere verbetering getoon, nl. vanaf 'n tekort van R188 miljoen in die vierde kwartaal van 1971 tot 'n tekort van R118 miljoen. Die tekort op die lopende rekening het teen 'n

en fiskale maatreëls teweeggebring. Alhoewel dit miskien 'n bietjie vroeg is om die volle invloed daarvan waar te neem, het die devaluasie van die rand, tesame met die herskikking van die wisselkoerse van Suid-Afrika se vernaamste handelsvennote en die invoerbepelings nogtans die volume van invoere beïnvloed. Met die skerp styging in die pryse van ingevoerde goedere gedurende die eerste kwartaal (groothandelspryse van ingevoerde goedere het tussen die vierde kwartaal van 1971 en die eerste kwartaal van 1972 met 4,7 persent gestyg), het die volume van invoere in die eerste kwartaal van 1972 afgeneem.

Goedere-uitvoere het skerp gestyg vanaf 'n seisoens-aangesuiwerde jaarcoers van R1 680 miljoen in die vierde kwartaal van 1971 tot R1 793 miljoen in die eerste kwartaal van 1972. Aansienlike toenames in die uitvoere van mielies, wol en diamante het die meeste tot die skerp styging in uitvoere tot hierdie rekordvlak bygedra. Uitvoervooruitsigte vir 1972 skyn ook meer gunstig te wees as in die afgelope aantal jare. Benewens die moontlike verdere voordele van devaluasie, kan goeie landbou-oeste en 'n moontlike styging in die wêreldvraag na en -pryse van metale en minerale tot 'n verdere styging in uitvoere lei. Bykomende belastingaansporings vir die bevordering van uitvoere is ook deur die Minister van Finansies in sy Begrotingsrede in Maart 1972 aangekondig en sekere van die voorstelle van die Reynders-kommissie, om uitvoere te bevorder, kan moontlik in die nabye toekoms in werking gestel word.

Die netto goudproduksie, wat gedurende die laat sestigerjare min verander het, het gedurende 1971 en die eerste kwartaal van 1972 weer 'n groter bydrae tot die lopende rekening van die betalingsbalans gemaak. Hierdie hernieude toename in netto goudproduksie is veroorsaak deur die gunstige neiging in die goudprys op die private mark. In 1971 het die netto goudproduksie met 10 persent tot R922 miljoen toegeneem toe die gemiddelde goudprys op die Londense mark met 14 persent gestyg het. Gedurende die eerste kwartaal van 1972 het die netto goudproduksie teen 'n seisoens-aangesuiwerde jaarcoers R1 073 miljoen bedra, vergeleke met 'n syfer van R984 miljoen in die vierde kwartaal van 1971. Dit verteenwoordig 'n toename van 9 persent. Die gemiddelde goudprys op die Londense mark het gedurende dieselfde tydperk met 'n verdere 14 persent gestyg.


Netto onsigbare betalings aan die res van die wêreld het vanaf 'n seisoens-aangesuiwerde jaarcoers van R502 miljoen in die laaste kwartaal van 1971 tot R530 miljoen in die eerste kwartaal van 1972 toegeneem. Hierdie styging is hoofsaaklik veroorsaak deur 'n aansienlike toename in rentebetalinge aan buitenlandse beleggers.

Groot netto invloeiing van kapitaal

Die totale netto kapitaalinvloeiing het effens afgeneem vanaf R170 miljoen in die laaste kwartaal van 1971 tot R146 miljoen gedurende die eerste kwartaal van

1972. Die samestelling van die kapitaalinvloeiing gedurende hierdie twee kwartale het egter betekenisvol verander. In die laaste kwartaal van 1971 het die sentrale regering en banksektor 'n netto bedrag van R129 miljoen in die buiteland geleen, maar in die eerste kwartaal van 1972 het hierdie netto lenings tot slegs R6 miljoen gedaal. In die geval van die private sektor, aan die ander kant, het die netto kapitaalinvloeiing vanaf slegs R41 miljoen in die vierde kwartaal van 1971 tot ongeveer R140 miljoen in die eerste kwartaal van 1972 toegeneem. Dit is ook betekenisvol dat R62 miljoen van laasgenoemde bedrag verteen-

Totale kapitaalbewegings



Netto invloeiing van kapitaal

R miljoene


	1971 4de kw.	1972 1ste kw.
Private sektor	41	140
Netto aankope op Johannesburgse Effektebeurs	16	62
Langtermynlenings aan openbare korporasies en plaaslike owerhede	28	19
Ander	-3	59
Sentrale regering en banksektor	129	6
Langtermynlenings van sentrale regering	42	-4
Ander	87	10
Totaal	170	146

woordig word deur 'n invloeiing van kapitaal wat ontstaan het uit buitelanders se aankope van effekte wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer word, vergeleke met 'n bedrag van R90 miljoen gedurende die jaar 1971 in sy geheel.

Skerp opwaartse neiging in goud- en ander buitelandse reserves

Nadat die goud- en ander buitelandse reserves vanaf Maart 1969 tot die einde van November 1971 voortdurend afgeneem het, het dit gedurende Desember 1971 en die eerste paar maande van 1972 skerp toegeneem. Gedurende Desember 1971 is hierdie toename hoofsaaklik veroorsaak deur die herwaarderding van Suid-Afrika se buitelandse reserves wat op die herskikking van wisselkoerse gevolg het. Betalings-

Goud - en buitelandse reserves



balanstransaksies het egter R28 miljoen tot die toename in die goud- en ander buitelandse reserves gedurende die eerste kwartaal van 1972 bygedra. Suid-Afrika se aandeel in die derde toekenning van spesiale trekkingsregte het ook R28 miljoen bygedra, met die gevolg dat die totale goud- en ander buitelandse reserves gedurende die eerste kwartaal van 1972 met R56 miljoen toegeneem het om 'n vlak van R707 miljoen aan die einde van Maart 1972 te bereik. Die Reserwebank se goud- en ander buitelandse reserves het in werklikheid met R98 miljoen toegeneem, maar die monetêre bankinstellings se besit aan valuta, wat gedurende die vierde kwartaal van 1971 met R55 miljoen toegeneem het, het gedurende die eerste kwartaal van 1972 met R43 miljoen afgeneem.

Ontwikkelings gedurende April en Mei

Volgens die maandelikse handelsyfers wat deur die Departement van Doeane en Aksyns vrygestel word, het Suid-Afrika se handelsbalans, hoofsaaklik as gevolg van 'n verdere afname in invoere gedurende April nog steeds verbeter. Invoere het vanaf R250 miljoen in Maart tot R220 miljoen in April afgeneem, terwyl uitvoere onveranderd op R166 miljoen gebly het. Teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers het invoere van R3 079 miljoen in Maart tot R2 628 miljoen in April afgeneem, maar uitvoere het in Maart en April op 'n vlak van ongeveer R1 740 miljoen gebly. Die syfer van R2 628 miljoen t.o.v. invoere was egter nog steeds baie hoog.

Gedurende April het die totale goud- en ander buitelandse reserves verder met R44 miljoen tot 'n vlak van R751 miljoen gestyg. Die Reserwebank se goud- en ander buitelandse reserves het in April met R54 miljoen gestyg en met 'n verdere R57 miljoen in Mei. Aan die einde van Mei het die Reserwebank se goud- en ander buitelandse reserves op R673 miljoen te staan gekom.

Monetêre en banktoestand


Vinniger styging in geld en kwasi-geld

Nadat dit gedurende 1970 en 1971 teen betreklik lae koerse gestyg het, (nl. teen 5,5 persent en 7,3 persent, onderskeidelik) het die seisoensaangesuiwerde hoeveelheid geld en kwasi-geld gedurende die eerste kwartaal van 1972 vinniger toegeneem, nl. teen 'n jaarkoers van 8,6 persent. Hierdie hoër koers van toename was egter nog laer as dié van die bruto binnelandse produk, met die gevolg dat die verhouding van geld en kwasi-geld tot die bruto binnelandse produk verder gedaal het vanaf 29,4 persent in die vierde kwartaal van 1971 tot 28,7 persent gedurende die eerste kwartaal van 1972. Dit was die laagste peil van die verhouding sedert die eerste kwartaal van 1968.

Oorsake van verandering in geld en kwasi-geld

Aansienlike stygings in bankkrediet aan die private sektor sowel as aan die regeringsektor, gepaardgaande

Monetêre ontleding



Oorsake van veranderings in geld en kwasi-geld



met 'n ommekeer van die afwaartse neiging in die netto goud- en ander buitelandse reserves, het tot die versnelling in die koers van toename in geld en kwasi-geld gelei. Die langtermyn deposito's van die private sektor het gedurende die eerste kwartaal van 1972 aansienlik toegeneem en die styging in geld en kwasi-geld verminder.

Oorsake van veranderings in geld en kwasi-geld

Seisoensinvloed uitgeskakel—R miljoene

	Netto goud- en buite- landse reserves	Netto eise teen die regering	Eise teen die private sektor	Lang- termyn private deposito's*
1971: 1ste kwartaal	-91	+142	+54	-10
2de kwartaal	-71	+57	+96	-32
3de kwartaal	-42	+51	+58	+12
4de kwartaal	-51	+30	+35	-4
1972: 1ste kwartaal	+40	+147	+130	-116

*toename —, afname +.

Bankkrediet

In teenstelling met die ontwikkelings in 1971, toe die handelsbanke se krediet aan die private sektor afgeneem het, het die diskonteringe en voorskotte van die handelsbanke (met insluiting van 'n toename van R46 miljoen in 50 persent van die netto remises in transito) gedurende die eerste kwartaal van 1972 met R122 miljoen gestyg, hoofsaaklik gedurende Februarie. Hierdie aansienlike styging is gedeeltelik moontlik gemaak deurdat die banke aan die einde van Desember 1971 onder hul kredietplafonne was. Die kaskredietvoorskotte van die Landbank, daarenteen, het gedurende die eerste kwartaal van 1972 met R31 miljoen gedaal, teenoor 'n toename van R164 miljoen gedurende 1971.

Op 29 Maart het die Reserwebank, tesame met ander ekspansionistiese maatreëls wat op dieselfde dag in die Begroting aangekondig is, 'n toegewing met betrekking tot die kredietplafonne aangekondig. Aan die banke is 'n toegewing toegestaan om die plafonne op hul diskonteringe en voorskotte met 5 persent, en dié op hul beleggings met 10 persent, te oorskry, albei toegewings vir doeleindes van die verlening van nuwe krediet vir produksie en uitvoer vanaf 1 April 1972. Die banke is ook toegelaat om die twee toegewings te kombineer en hulle kan die bykomende krediet derhalwe in die vorm van of diskonteringe en voorskotte of beleggings aan die private sektor beskikbaar stel. Hierdie toegewings het in totaal ongeveer R140 miljoen bedra. Aan die einde van Maart het die banke hul kredietplafonne met ongeveer R50 miljoen oorskry maar voorlopige gegewens dui daarop dat hulle aan die einde van April weer onder hul plafonne was.

Banke se oorskot likwiede bates op lae peil

Die oorskot likwiede bates van die banke het gedurende die eerste kwartaal van 1972 om 'n betreklik lae peil geskommel. In die geval van die handelsbanke was die gemiddelde van die oorskot likwiede bates as persentasie van die verpligtings teenoor die publiek in die eerste kwartaal van 1972 3,1 persent, in vergelyking met 3,9 persent vir 1971 in sy geheel.

Ruimer toestand op die geldmark en laer rentekoerse

'n Aansienlike toename van R192 miljoen in die netto goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank en die Nasionale Finansiële Korporasie vanaf die einde van Desember tot 12 Mei, tesame met 'n klein daling van R14 miljoen in die regeeringsdeposito's by die Bank en die NFK oor dieselfde tydperk, het gelei tot 'n verruiming van die toestand op die geldmark en 'n daling in die korttermyn rentekoerse, in die besonder ná 24 Maart. Soos die bygaande tabel toon, is daar sedert 24 Maart aansienlike afwaartse aanpassings aan geldmarkrentekoerse aangebring.

Geldmarkrentekoerse

	24 Maart 1972	12 Mei 1972
	%	%
Bankakseptse van drie maande	8,3	6,6
VDS-e: 90 dae	8,3	6,35
120 dae	8,4	6,4
180 dae	8,5	6,65
Basiese daggeldkoers van diskontohuise	6,0	5,45
Skatkiwissel-tenderkoers	5,94	5,56

Geldmarkkoerse



'n Ietwat strammer toestand op die geldmark is ná 12 Mei ondervind, hoofsaaklik as gevolg van 'n skerp styging in die regeeringsdeposito's wat die ontvangste op die regering se leningsuitgifte wat gedurende die maand vir inskrywing aangebied is, weerspieël het.

As deel van die monetêre en fiskale maatreëls wat deur die Minister van Finansies in sy Begrotingsrede en deur die Reserwebank op 29 Maart 1972 aangekondig is, is rentekoersbeheer vanaf 30 Maart ingestel. Die Reserwebank het maksimum rentekoerse op sekere kategorieë deposito's by banke en bouverenigings en op bouvereniging aandele aangekondig. Terselfdertyd het die Registrateur van Finansiële Instellings maksimum rentekoerse op deelnemingsverbande en die leenbedrywighede van sekere ander finansiële tussengangers voorgeskryf.

Soos die bygaande tabel toon, het die Reserwebank sekere maksimum rentekoerse op deposito's wat deur bankinstellings geneem word, voorgeskryf op die peil wat by benadering op die betrokke tydsked bestaan het. Maksimum rentekoerse wat vir bouverenigings, deelnemingsverbandskemas en verwante leenkoerse voorgeskryf is, word in die afdeling oor die kapitaalmark gegee.

Maksimum depositorentekoerse vir bankinstellings en werklike handelsbankkoerse op 29 Maart 1972

Maksimum koerse	%
Op deposito's van:	
Minder as ses maande, met insluiting van spaardeposito's en daggeld	6
Ses maande of langer maar minder as twaalf maande	6,75
Twaalf maande of langer	7,5
Werklike koerse	%
Daggeld	4-5,5
Spaardeposito's	4
Kennigewingdeposito's, 31 dae	5-6
Kennigewingdeposito's, 91 dae	5,5-6,75
Vaste deposito's, ses maande	6,25-7,25
Vaste deposito's, twaalf maande	7,5

Staatsfinansies

Aansienlike afname van staatsuitgawes gedurende die eerste kwartaal van 1972

Soos hierbo aangetoon, het die lopende uitgawes van die algemene owerheid, na inagneming van seisoensinvloede, gedurende die eerste kwartaal van 1972 aanmerklik afgeneem. Hierdie ontwikkeling is deur 'n daling in die uitgawes van sowel die sentrale regering as die provinsiale administrasies teweeggebring. Die laer besteding weerspieël die voorneme van die owerhede om die koers van toename in uitgawes te verlaag, veral met die oog op die reeds hoë peil van uitgawes gedurende die vroeëre gedeelte van die fiskale jaar. Dit het ook ooreengestem met die beleidsdoelstellings

wat verder in die Begroting, wat aan die einde van Maart aangebied is, nagestreef is. Die tekort op die Skatkisrekening gedurende die eerste kwartaal van 1972 het die laagste peil sedert die eerste kwartaal van 1968 bereik, en het slegs 26 persent van die totale tekort vir die fiskale jaar 1971/72 in geheel, bedra, vergeleke met 'n ooreenstemmende syfer van 60 persent in 1970/71.

Ontwikkelings gedurende die fiskale jaar 1971/72

Gedurende die fiskale jaar 1971/72 het skatkisuitreikings die skatkisontvangste met 'n aansienlike bedrag oorskry, nl. met R801 miljoen. Hierdie tekort was nie alleen aanmerklik meer as die aanvanklike beraming in die Begroting nie, maar ook ongeveer twee maal meer as die tekort in die vorige jaar. Vanweë die stram toestande op die kapitaalmark, het die regering dit moeilik gevind om lenings op 'n vrywillige grondslag buite die banksektor aan te gaan. Verskeie maatreëls is derhalwe geneem om die mate waarin van bankkrediet gebruik gemaak is om die skatkis-tekort te finansier, te beperk. Leningsheffings is verhoog, belastingvrye obligasies is aan individue beskikbaar gestel, die opbrengskoers op staatseffekte is verhoog, en die verpligte bedrag wat deur versekeraars en pensioenfondse in staatseffekte belê moet word, is met ingang van 1 Oktober 1971 vermeerder. Hierdie maatreëls het daartoe bygedra dat R348 miljoen van die private nie-banksektor geleen is. Hiervan het R155 miljoen leningsheffings verteenwoordig, R51 miljoen uitgiftes van belastingvrye Premie-obligasies, en R146 miljoen 'n toename in die staatseffektebesit van versekeraars en pensioenfondse. Die Tesourie se netto buitelandse lenings het R112 miljoen beloop, en 'n bedrag van R31 miljoen is deur die SSK bygedra.

Die betreklik klein netto belegging in staatskuld-bewyse deur die SSK, vergeleke met onmiddellik voorafgaande jare, is toe te skryf aan groot netto onttrekkings, veral deur die S.A.S. Administrasie, van fondse wat by die Kommissaris se belê was. Daarbenewens het die Kommissaris se onbelegde kontantsaldo aan die einde van die fiskale jaar 1971/72 R87 miljoen bedra, en hul beleggings in staatskuld-bewyse sou hoër gewees het indien die Tesourie nie deur die beperking op sy leningsmagte verhoed is om hierdie fondse te aanvaar nie. Hierdie bedrag is egter in 'n groot mate gedurende April 1972 tot beskikking van die Skatkis gestel.

Die bogenoemde bronne van finansiering was egter nog onvoldoende om die totale tekort te dek, en die Skatkis moes R316 miljoen van die monetêre banksektor leen. Hierdie rekordbedrag was R219 miljoen meer as die ooreenstemmende syfer vir 1970/71, en het die vorige hoogste syfer van R213 miljoen, wat in 1965/66 aangeteken is, met meer as R100 miljoen oorskry. Die toename in die Skatkis se netto skuldposisie teenoor die monetêre banksektor gedurende 1971/72 het uit 'n styging van R177 mil-

joen in die monetêre banksektor se besit aan staatskuld-bewyse en 'n afname van R139 miljoen in die skatkissaldo's bestaan.

Die 1972/73-Begroting

Die 1972/73-Begroting is daarop gemik om 'n bydrae te lewer tot die bereiking van sekere beleidsdoelstellings, nl. die verbetering van die betalingsbalans, 'n sneller ekonomiese groeikoers en die beteueling van inflasie, in besonder om die grootste voordeel uit die devaluasie van die rand gedurende Desember 1971 te trek. Ten einde hierdie botsende doelstellings te versoen, kon groot belastingtoegewings nie gemaak word nie, maar die regering het daarin geslaag om die koers van toename in sy uitgawes te verlaag. Die maatreëls wat die Minister aangekondig het, is gemik op 'n matige stimulering van die volkshuishouding en het groter aansporings vir uitvoerders, die verslappening van boubeheer en van kredietbeperkings op die verkoop van motors en die verlenging van beleggingstoelaes t.o.v. masjinerie, toerusting en fabrieksgeboue, ingesluit. Daarbenewens is besparings aangemoedig o.a. deur die instelling van 'n nuwe spaarskema vir huiseienaars, asook deur die verlaging van die gekombineerde maksimum marginale inkomste-belasting- en leningsheffingskoers t.o.v. individue. Die leningsheffings op individue is in werklikheid afgeskaf en vervang deur 'n bykomstige toeslag op die inkomstebelasting. Die verkoopreg op sekere artikels is verlaag en die kontantposisie van maatskappye is verbeter deur 'n vermindering in die leningsheffing op dividend-ontvangste. Die Minister het ook maatskaplike pensioene verhoog en verdere toegewings t.o.v. die verdienste van getroude vroue gemaak.

Een van die mees positiewe aspekte van die Begroting was die sukses wat behaal is met die verlaging van die koers van toename in regeringsuitgawes. Die Begrotingsramings het voorsiening gemaak vir 'n toename van slegs 6 persent in uitgawes vergeleke met 1971/72, terwyl uitgawes gedurende laasgenoemde jaar met 19 persent gestyg het. Met 'n verwagte toename van 7 persent in ontvangste is die verwagte tekort van R798 miljoen marginaal laer as die syfer vir die fiskale jaar 1971/72. Met inagneming van die aflossing van skuld word die totale leningsbehoefte op R1 396 miljoen geraam. Daar is aangeneem dat die binnelandse effekte wat gedelg moet word, en wat R371 miljoen bedra, omgesit sal word en dat R240 miljoen van die SSK en R266 miljoen uit nuwe buitelandse skuld ontvang sal word. Die Minister het verwag om R339 miljoen plaaslik te leen (insluitende R180 miljoen d.m.v. nuwe effekte-uitgiftes, R30 miljoen by wyse van skatkiswissels, en R74 miljoen d.m.v. leningsheffings op maatskappye), wat 'n tekort van R179 miljoen laat. Die Minister het voorgestel dat hierdie tekort uit die R161 miljoen wat nog op die Stabilisasierekening beskikbaar is en deur gebruikmaking van R18 miljoen van die beskikbare skatkis-saldo's by die Reserwebank, gedek word.

Kapitaalmark

Minder stram toestande in die mark vir vaste-rente-draende effekte

Hoofsaaklik vanweë 'n toename in die aanbod van buitelandse fondse en 'n afname in die vraag na leenbare fondse as gevolg van 'n afname in vaste investering, het die mark vir vaste-rentedraende effekte ná Februarie 1972 minder stram geword. In ooreenstemming hiermee het die opbrengskoers op semi-prima-effekte vanaf 9,35 persent in Februarie tot 9,18 persent in April 1972 gedaal. Nuwe uitgifte van langtermyn-effekte ten bedrae van R32 miljoen wat teen laasgenoemde koers aangebied is, was oorvolteken en aansoeke ten bedrae van R48 miljoen is daarvoor ontvang. Die uitgifte van langtermynstaats-effekte wat op 17 Januarie gemaak is, is beter ondersteun as die vorige uitgifte gedurende Oktober 1971, maar die jongste uitgifte, wat vanaf 15 Mei tot 15 Junie vir inskrywing oop is, was 'n algehele sukses en, alhoewel finale gegewens nog nie beskikbaar is nie, dui voorlopige inligting daarop dat aansoeke ten bedrae van meer as R200 miljoen vir die langtermyn-effekte ontvang is.

Gedurende die eerste twee maande van 1972 het die opbrengskoerse op nuwe uitgifte van maatskappy-obligasies ongeveer 10 persent gebly, maar geen nuwe uitgifte is daarna gemaak toe marktoestande minder stram geword het nie.


Volgehoue oplewing in aandelemark

Sowel die omset op die effektebeurs as aandelepryse het gedurende die eerste kwartaal en April 1972 hoë vlakke bereik. Die indeks van die aantal aandele verhandel het meer as verdubbel vanaf die laagste vlak wat ná die 1969-oplewing bereik is, nl. vanaf 98 in Oktober 1971 tot 264 in Maart en 201 in April 1972. Hierdie hoë peil van bedrywigheid is slegs oortref deur die hoogtepunt wat gedurende die tweede kwartaal van 1969 aangeteken is. Aandelepryse het insgelyks verbeter vanaf die laagtepunt wat gedurende November 1971 bereik is. Vanaf November 1971 tot April 1972 het die pryse van finansiële aandele met 46 persent, dié van mynaandele met 37 persent en dié van nywerheids- en handelsaandele met 29 persent gestyg. Die algemene peil van aandelepryse in April 1972 was vergelykbaar met dié wat geheers het aan die begin van 1968, toe pryse gestyg het, of met dié wat geheers het aan die begin van 1970, toe die prysbeweging afwaarts was.


As gevolg van die hoër pryse het die dividendopbrengskoerse op gewone aandele gedurende die eerste vier maande van 1972 afgeneem, terwyl die opbrengskoers op langtermynstaatseffekte onveranderd gebly het. Die gevolg was dat die omgekeerde rendementsgaping tussen laasgenoemde koers en dié op nywerheids- en handelsaandele, byvoorbeeld, vergroot het vanaf 1,58 persent in November 1971 tot die hoë peil van 3,06 persent in April 1972.

Aankope deur buitelanders van effekte genoteer op die Johannesburgse effektebeurs het in 'n groot mate bygedra tot die herstel van effektebeursbedrywigheid en -pryse. Alhoewel die bruto aankope deur buitelanders slegs 32 persent van die totale waarde van aandele en effekte aangekoop gedurende die eerste kwartaal van 1972, vergeleke met 41 persent in die ooreenstemmende tydperk gedurende 1971, uitgemaak het, het dit nogtans R87 miljoen, of R24 miljoen

Aandelepryse



Aantal aandele verhandel op die Johannesburgse Effektebeurs



meer as in 1971, bedra. Die aanduidings is dat die netto aankope deur buitelanders vanaf Januarie tot April 1972 byna net soveel sal wees as die totaal van R90 miljoen wat gedurende 1971 aangeteken is. 'n Aantal redes kan aangevoer word vir die sterk toename in aankope deur buitelanders van aandele en effekte wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer is, naamlik (1) die volgehoue sterk styging in die prys van goud op die private mark ná die devaluasie van die dollar en die rand en die revaluasie van ander geldeenheide; (2) die verslappening in die buiteland, veral in die Verenigde Koninkryk, van die beperkings op buitelandse beleggings; en (3) die vermindering in seëlregte op transaksies in aandele deur nie-inwoners soos deur die Minister van Finansies in sy Maartbegrotingstoespraak aangekondig.

Die herstel van die effektebeurs was egter nie slegs aan die grootskaalse hertoetreding van buitelanders toe te skryf nie, maar ook aan die hernieuwde belangstelling van binnelandse beleggers. Die instelling van invoerbeheer in November en die devaluasie van die rand in Desember 1971 het die mededingingsvermoë van Suid-Afrikaanse produsente teenoor buitelanders verbeter. Dit, tesame met die styging in die land se goud en ander buitelandse reserwes en die vooruitsigte van 'n afname in langtermynkoerse, het tot 'n gunstiger beskouing van die binnelandse ekonomie en 'n aansienlike verbetering in die algemene sakeklimaat gelei. Hierdie omstandighede het plaaslike beleggers aangespoor om meer in genoteerde aandele te belê. Gedurende Mei het die aandeelprysstygings nog verder versnel.

Aktiwiteit van effektebeurs steeds op 'n lae peil

Die herstel van die effektebeurs het nie 'n merkbare invloed op die vloei van fondse na die effektebeurs gedurende die eerste kwartaal gehad nie en 'n geringe invloed van slegs R1 miljoen is aangeteken. Die stygende effektebeurspryse het egter 'n gunstige invloed op die markwaarde van die trusts se aandele en effektebesit gehad, wat dan ook gedurende die eerste kwartaal met R35 miljoen gestyg het. Die gemiddelde verkoopprijs van onderaandele het gedurende die eerste kwartaal met 9 persent en in April met 'n verdere 7 persent gestyg.


Tydlike afname in die invloed van fondse na bouverenigings

Nuwe voorskotte toegestaan deur bouverenigings het gedurende die eerste kwartaal van 1972 R145 miljoen bedra, en die werklike bedrag uitbetaal ten opsigte van lenings het op R149 miljoen te staan gekom. Hierdie bedrae stem in 'n groot mate ooreen met dié vir die vierde kwartaal van 1971. Voorgeskrewe beleggings van die bouverenigings het met R24 miljoen (hoofsaaklik in die vorm van 'n afname in die besit aan verhandelbare depositosertifikate) gedaal, terwyl hul likwiede bates met R13 miljoen toegeneem het.

Die invloed van fondse na die bouverenigings het gedurende die eerste twee maande van 1972 meer as seisoensgewys gedaal en het gemiddeld net R6 miljoen per maand beloop. 'n Aansienlike invloed van R66 miljoen gedurende Maart, gedeeltelik te danke aan die gewone rente- en dividendbetalings gedurende hierdie maand, het die totale invloed vir die eerste kwartaal tot R78 miljoen opgestoot, vergeleke met R66 miljoen in die vierde kwartaal van 1971. Ná uitkakeling van die seisoensinvloed, was die totale invloed van fondse gedurende hierdie twee kwartale egter feitlik dieselfde.

Die belegging in bouverenigingaandele het gedurende die eerste kwartaal 'n toename van R92 miljoen getoon. Hierdie invloed is egter verminder deur die daling van R31 miljoen in vaste deposito's, hoofsaaklik vanweë die verskuiwing na bouverenigingaandele as gevolg van die belastingtoegewing ten opsigte van die dividendverdiensie op hierdie aandele wat vanaf 19 Augustus 1971 van krag is. Spaardeposito's het as gevolg van die gewone kreditering van rente en dividende na hierdie rekenings gedurende Maart met R17 miljoen gestyg. Na verwagting behoort die instelling van die staatsondersteunde huiseienaarsbesparing-

Bouverenigings



skema en depositorentebeheer die bouverenigings in 'n gunstiger posisie te stel om mee te ding om die publiek se spaarfondse.

Met die instelling van rentekoersbeheer op deposito's en bouvereniging aandele op 30 Maart 1972 het die Reserwebank verklaar dat die doel daarvan was om te verseker dat enige afwaartse neiging in die algemene rentekoerspeil nie teengewerk word deur 'n teenoorgestelde beweging in depositokoerse as gevolg van verskerpte mededinging wat uit die verslapping van kredietbeheer en die beoogde verandering in die vorm van hierdie beheer kan voortspruit nie. Daar is ook verklaar dat sodanige mededinging die bouverenigings of oormatig kort aan fondse sou kon laat of 'n ewe ongewenste uitwerking, onder huidige omstandighede, sou kon hê om hulle daartoe te dwing om hul verbandkoerse te verhoog ten einde hulle in staat te stel om meer mededingende koerse op deposito's en aandele aan te bied.

Benewens die maksimum koerse op deposito's, waarna vroeër in die afdeling oor geld- en bankwese in hierdie oorsig verwys is, is 'n maksimum koers van $6\frac{1}{2}$ persent op subskripsie-aandele, $7\frac{3}{4}$ persent op op-betaalde onbepaalde-termyn-aandele (uitgesonderd belastingvrye aandele) en vaste-termyn-aandele, en 8 persent op vaste-termyn-aandele met 'n gewaarborgde dividend, soos vermeld in Artikel 37(5A) van die Bouverenigingwet, neergelê.

Gelyktydig met die instelling van maksimum rentekoerse op deposito's en bouvereniging aandele, is 'n maksimum ook vir sekere verwante rentekoerse deur die Registrateur van Finansiële Instellings by wyse van 'n Proklamasie (nr. R88 van 1972), ingevolge die Wet op Betaalmiddele en Wisselkoerse van 1933, bepaal. 'n Maksimum rentekoers van $8\frac{1}{2}$ persent is van toepassing gemaak op fondse wat deur middel van deelnemingsverbandskema's opgeneem word, en 'n soortgelyke maksimum koers is ingestel op fondse wat by wyse van deposito's, lenings of skuldbriewe deur ander finansiële tussengangers as banke en bouverenigings verkry word.

Verklaring insake krediet- en rentekoersbeheer

*Uitgereik deur die President van die Suid-Afrikaanse
Reserwebank
29 Maart 1972*

Een van die oorwegings wat die Regering beweeg het om in Desember verlede jaar die rand te devalueer, was die behoefte om produksie in die private sektor te stimuleer op 'n wyse wat versoenbaar sou wees met die behoefte om die betalingsbalans te verbeter. Die omvang van die tekort op die betalingsbalans het inderdaad alreeds in November die owerhede daartoe beweeg om invoerbeheer te verskerp. Alhoewel dit nog te vroeg is om die volle uitwerking van hierdie maatreëls op die Suid-Afrikaanse ekonomie te beoordeel, wil dit uit die beskikbare gegewens voorkom asof die betalingsbalanstekort in 'n matige oorskot omskep is, gedeeltelik as gevolg van 'n vermindering in die tekort op die lopende rekening, maar veral weens 'n ommeswaai in die vervroegings en vertraging van buitelandse betalings en 'n netto invloeding van kapitaal in ander vorms. Aan die ander kant, terwyl devaluasie op sigself alreeds 'n mate van stimulus aan die private sektor verleen het en in die komende tydperk sal voortgaan om dit te doen, wil dit voorkom asof 'n mate van bykomstige aansporing vir binnelandse produksie en uitvoere in die huidige stadium nodig is.

In hierdie omstandighede is 'n mate van verslapping in die beperkings op bankkrediet geregverdig ten einde te verseker dat die gewenste uitbreiding in produksie en uitvoere nie gestrem word deur enige oormatige tekort aan kort- en mediumtermyn finansiering of likwiditeit in die algemeen nie. Terselfdertyd moet oormatige stimulering van die private sektor in die huidige ná-devaluasie tydperk vermy word aangesien dit heelwaarskynlik tot 'n nuwe opbouing van inflasionistiese druk in die komende maande sal lei.

Ná die gebruikelike oorlegpleging met die Tesourie het die Reserwebank dus besluit om sekere toegewings vir die finansiering van produksie en uitvoere te maak buite die plafonne wat op die diskonteringe en voorskotte en op die beleggings van bankinstellings van toepassing is. Vir hierdie doeleindes sal die banke toegelaat word om vanaf 1 April 1972 die plafonsyfers wat op hulle diskonteringe en voorskotte van toepassing is met vyf persent en dié wat op hulle beleggings van toepassing is met tien persent, te oorskry. Uit praktiese geriefsoorwegings sal banke toegelaat word om die twee toegewings saam te voeg en om die addisionele krediet aan die private sektor beskikbaar te stel in die vorm van óf diskonteringe en voorskotte óf beleggings. Hulle sal egter op 'n maandbasis aan die Reserwebank moet sertifiseer dat aanwendings ingevolge hierdie toegewings slegs in die vorm van nuwe krediet vir produksie- en uitvoerdoeleindes toegestaan is.

Hierdie toegewings, wat in totaal ongeveer een honderd en veertig miljoen rand bedra, behoort 'n aansienlike verligting vir die onmiddellike kredietbehoefes van produsente en uitvoerders te bied. Die

verslapping kan verder ook beskou word as 'n stap in die rigting van 'n geleidelike vervanging van die plafonmetode van beheer oor bankkrediet aan die private sektor met meer tradisionele metodes van sentrale bankbeheer, insluitende die gebruik van veranderlike likwiede bate- en kontantreserwevereistes. In hierdie verband word gehoop dat dit moontlik sal blyk te wees om sekere wysigings aan die Bankwet wat tans deur die Tegnieiese Komitee oor Bank- en Bouverenigingswetgewing oorweeg word, deur die Parlement gedurende sy huidige sitting goedgekeur te kry.

In die lig van die bovermelde verslapping en vir redes hieronder aangedui, is ook besluit om kragtens Proklamasie No. 47 van 1965, die volgende maksimum rentekoerse op deposito's geneem of hernieu en op bouverenigingsaandeel uitgereik, óp of ná 30 Maart 1972, voor te skryf vir alle geregistreerde bankinstellings en bouverenigings:

*Maksimum rente-
koers per jaar*

A. Deposito's:

Deposito's geneem vir 'n tydperk van, of onderworpe aan kennisgewing van onttrekking van:

- | | |
|--|-------------------------|
| (a) minder as ses maande, met inbegrip van spaardeposito's en daggeldlenings | 6 persent |
| (b) ses maande en langer maar minder as twaalf maande | 6 $\frac{3}{4}$ persent |
| (c) twaalf maande en langer | 7 $\frac{1}{2}$ persent |

B. Bouverenigingsaandeel:

- | | |
|---|-------------------------|
| (a) Subskripsie-aandeel deur 'n permanente vereniging uitgereik | 6 $\frac{1}{2}$ persent |
| (b) Opbetaalde onbepaalde termyn-aandeel (uitgesonderd belastingvrye aandeel) en gewone vastetermyn-aandeel | 7 $\frac{3}{4}$ persent |
| (c) Vastetermyn-aandeel met 'n gewaarborgde dividend soos vermeld in Artikel 37(5A) van die Bouverenigingswet | 8 persent |

Afgesien van die voorgaande koerse, mag 'n kommissie van hoogstens een-helfte van een persent deur bankinstellings wat nie handelsbanke is nie en deur bouverenigings aan bona fide geakkrediteerde of goedgekeurde agente vir die insameling van fondse vir belegging in deposito's en in bouverenigingsaandeel van ander partye as die agente self, betaal word. Sodanige kommissie of enige gedeelte daarvan, of enige ander vergoeding, afgesien van die vorm wat dit mag aanneem of die benaming wat daaraan geheg mag word, mag onder geen omstandighede regstreeks

of onregstreeks aan deposante betaal word of aan hulle toeval nie.

Soos dit uit voorgaande duidelik blyk, is dit nie die bedoeling met die nuwe rentekoersbeheermaatreëls om 'n gedetailleerde patroon van koerse vir alle soorte en termyne van deposito's neer te lê nie, maar slegs om sekere uitgesoekte maksimum koerse voor te skryf. Dit is ook nie die bedoeling om rentekoerse tot onrealistiese peile af te druk nie. Die doelstelling van hierdie beheer, wat in die lig van veranderende omstandighede in heroorweging geneem sal word, is eerder om te verseker dat enige afwaartse neiging in die algemene peil van rentekoerse wat gedurende die komende maande mag ontwikkel, veral indien die betalingsbalans steeds 'n oorskot toon, nie teen-gewerk sal word deur 'n teenoorgestelde beweging in depositokoerse nie. So 'n teenoorgestelde beweging mag voortvloei uit verskerpte mededinging tussen bankinstellings vir fondse, gesien die verslapping in die kredietbeheer en die beoogde verandering in die vorm van sodanige beheer. Rekening is ook daarmee gehou dat sodanige mededinging die bouverenigings òf oormatig kort aan fondse mag laat òf die ongewenste uitwerking onder huidige omstandighede mag hê om hulle daartoe te dwing om hulle verbandkoerse te verhoog ten einde hulle in staat te stel om meer mededingende koerse op deposito's en aandele aan te bied.

Opmerking oor tabelle

Die aandag word weer eens gevestig op die feit dat sommige van die syfers wat in die Kwartaalblad verskyn, een keer per jaar in die Junie-uitgawe hersien word. Alle reekse waarvan die seisoensinvloed uitgeskakel is, is hersien, nie alleen om veranderde seisoenspatrone in ag te neem nie maar ook as gevolg van hersienings van die basiese gegewens.